**12 Februarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 9:35-38 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Matteus 9:36**

## God se fokus – dit raak ontstuimig in Hom

Om ’n getuie vir die Here te wees, is ’n praktiese saak. Dit word duidelik wanneer ons na Jesus kyk en luister. In Matteus 9 word mense op twee maniere beskryf:

- Skape sonder wagter.
- ’n Groot oes wat ingesamel moet word.

Die skape word negatief uitgebeeld – uitgelewer en hulpeloos. Die oes word positief uitgebeeld – groot en afwagtend.

Die vraag is nou hoe ’n getuie van Jesus sy taak moet benader. Om jou taak nie negatief te sien nie, maar positief, kan jy na Jesus self kyk en luister. Hier is vier sake wat jou bemagtig:

- Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy tree nie net in belangrike sinagoges en voor groot skares op nie. Sy getuies hoef nie grootdoenerig te wees nie. Maar gerus kontak met diegene wat nie so indrukwekkend lyk nie.
- Hy dié mense ook geleer. Die inhoud van sy leer was die blye boodskap van sy koninkryk. Sy getuies moet nie beterweterig wees of met groot woorde werk nie. Bring die blydskap van die evangelie, dis genoeg.
- Jesus het ook na mense uitgereik. Hy het vir hulle jammer gevoel en selfs siektes genees. ’n Getuie moet bereid wees om in ander se lewens betrokke te raak.
- Jesus wys jou op die noodsaak en die krag van gebed. Hy self is die Here van die oes, by Hom moet jy genade vra dat jy ook krag sal ontvang wanneer jy uitgestuur word om sy oes in sy Naam in te bring.

Rondom ons sien ons baie mense raak, rigtingloos en verward. Dit hoef ons nie moedeloos te maak nie. Kyk en luister na Jesus. Straks sien jy die potensiaal raak van ’n groot oes wat jy kan help insamel.

*Sing: Psalm 40:5 (1936)* *Ds. CB Swanepoel (Lyttelton)*